# <u>MEMORANDUM</u>
# <u>Die Watersiklus</u>
# <u>bl. 66 – 67</u>

Bestudeer die prent van die watersiklus op bl. 66 en beantwoord die volgende vrae.

1. Waar kom die hitte vandaan wat die water uit die see, riviere en mere laat verdamp?

   ***Die Son***

2. Waarheen gaan die verdampte water?

   ***Dit beweeg as waterdamp in die lug op.***

3. Wat gebeur met waterdamp wat kondenseer?

   ***Dit verander in miljoene klein waterdruppeltjies en vorm 'n wolk.***

4. Hoe kom die verdampte water weer op die Aarde en terug in die watersiklus?

   ***Dit val terug Aarde toe in die vorm van reën, hael of sneeu.***

5. Voltooi hierdie sinne oor die watersiklus. Gebruik die woorde hieronder om jou te help.

| |
|---|
| ***water / waterdamp / hael / kondenseer / verdamp / sneeu / wolke / reën*** |

a. Water op die oppervlak van die Aarde <u>***verdamp***</u> en beweeg as <u>***waterdamp***</u> in die lug op.

b. Die waterdamp koel af en <u>***kondenseer***</u> soos dit in die lug opstyg.

c. Waterdruppels hoog in die lug vorm <u>***wolke***</u>.

d. Druppels water val terug Aarde toe as <u>***reën***</u>.

e. Water in wolke vries en val as <u>***hael***</u> of <u>***sneeu***</u> terug Aarde toe.

f. Reën, sneeu en hael bring <u>***water***</u> terug na die Aarde se oppervlak.